

Ds. A. W. C. Bester
Vredendal Wes
4 Februarie 1979

Onderwerp: Vryheid deur waarheid

Lees: Johannes 8 verse 30 tot 51

Teks: Johannes 8 vers 32

Sing: Gesang 5 vers 1
Gesang 57 vers 4
Gesang 225 vers 2

“As daar ’n woord in die twintigste eeu is wat holrug gery is, dan is dit die woord vryheid. Daar word elke dag betoog vir meer vryheid. Jongmense vind oumense se standarde te eng en wil meer vryheid hê. Ander vind weer die grense van die Christelike etiek te beklemmend en vra vir meer vryheid. Dit was die kreet van Swart Afrika sedert die sestigerjare. Dit was ook die kreet van die Franse Revolusie.

“Hierdie vryheid beteken om vry te wees om te kies; om te maak soos jy wil of goeddink. Dit is soos die Israeliete gemaak het toe hulle nog geen koning gehad het nie. Toe het elkeen gedoen wat goed was in hul eie oë. Gemeet aan huidige opvattinge oor vryheid, moes die Israeliete onbeperkte vryheid gehad het.

“Maar Broers en Susters, hierteenoor het Jesus Christus vryheid op ’n heel ander wyse gedefinieer. Hy het vryheid aan die waarheid gekoppel. Hy het verklaar dat waarheid die voorwaarde is vir vryheid. Wie die waarheid het, is dus vry.

“Om Jesus se idee van vryheid te verstaan, moet ons eers verstaan wat Hy onder waarheid bedoel het.

“Daar was in Jesus se dae verskillende sienings oor wat die waarheid was. Die Fariseërs het gesê: ‘Ons is die geslag van Abraham en het nog nooit vir iemand slawediens verrig nie’. (Joh 8:33) Abraham was ’n vryman en hulle het hulself beskou as kinders van Abraham. Daarom was hulle van mening dat hulle vry was. Hulle tradisie as kinders van Abraham was vir hulle die waarheid. Hulle idee van die waarheid was die instandhouding van ’n bepaalde tradisie. Omdat hulle die nageslag van Abraham was en Abraham vry was, daarom was hulle ook vry. Hulle kon eintlik nie help dat hulle vry was nie.

“Maar, Broers en Susters, Jesus het hierdie mense ontnugter toe Hy vir hulle gesê het: ‘Julle het die duiwel as vader, en die begeertes van julle vader wil julle doen.’ (Joh 8:44) Hulle idee van die waarheid en hulle idee van vryheid was ’n leuen. En juis daarom het Jesus gesê dat hulle nie vry was nie, maar gebonde kinders van Satan. Hulle het nie die waarheid aangehang wat vrymaak nie, maar die leuen wat verslaaf.

“Die Fariseërs het die waarheid verstaan as iets wat hulle self kon omvat, soos hulle afkoms van Abraham, gebaseer op ’n ellelange geslagsregister. Dit is ’n opvatting wat ons ook ken.

“Maar Broers en Susters, waarheid bestaan op ’n ander vlak. Jesus het die verhouding tussen waarheid en vryheid kernagtig saamgevat toe Hy gesê het: ‘Ek is ... die waarheid’. (Joh 14:6) ‘As julle in my woord bly, is julle waarlik my dissipels. En julle sal die waarheid ken, en die waarheid sal julle vrymaak.’ (Joh 8:31,32)

“Die waarheid is nie die produk van die mens se intellek nie. Dit kan nie uit die menslike brein herlei word nie. Dit is geen wonder dat diegene wat dit probeer doen, skepties word oor die waarheid nie. Want Broers en Susters, die waarheid, die enigste punt waarop ’n mens met volle sekerheid kan staan, is Jesus Christus self. Waarheid is ’n Persoon. Die soeke na waarheid is dus die soeke na ’n Persoon. Wie na Jesus soek, soek om weer die versteurde gemeenskap met God te herstel, om met God versoen te raak, en weer ingeënt te word op die wynstok.

“Moenie na eie eer soek nie, maar soek, soos Jesus, die eer van God. Want Broers en Susters, die mens, u en ek, is nie bestem om ons eie eer te soek nie. Ons is bestem om die eer van God te soek en Hom te verheerlik, omdat ons en die aarde wat ons bewoon aan God behoort.

“Soeke na die waarheid is dus ’n soeke na my werklike bestemming. En alleen hy wat oppad is na sy ware bestemming, is in die waarheid. En die weg na die waarheid is Jesus Christus self, wat ons en die hele skepping in God versoen. Dit is Hy wat sê: ‘Ek is die weg en die waarheid en die lewe; niemand kom na die Vader behalwe deur My nie.’ (Joh 14:6) Jesus Christus is nie alleen die weg en die waarheid nie, maar ook die lewe.

“Daarom stel Jesus dit reguit: ‘As julle in my woord bly, is julle waarlik my dissipels. En julle sal die waarheid ken, en die waarheid sal julle vrymaak.’ Met ander woorde, as julle Jesus Christus volg en deur Hom

tot God kom, sal julle die waarheid ken en die waarheid sal julle vrymaak.

“Vryheid bestaan dus nie daarin dat ek kan maak soos ek wil nie. Vryheid beteken nie om deur niks gebind te wees nie. Vryheid word aan waarheid gekoppel. Alleen hy wat die waarheid najaag, is vry. Vryheid beteken dus om die waarheid te ken. Vryheid beteken dus om oppad te wees na my bestemming. Vryheid is om Jesus te volg. Vryheid is gebondenheid aan Jesus Christus. Eers in die gebondenheid aan Jesus Christus en aan die waarheid is daar vryheid.

“Is jy vry? Hoe sien jy die waarheid?”

“Die sinvolle lewe, die waaragtige vrye lewe, is ’n lewe gebonde aan Jesus Christus. Hy is die waarheid.

“Dit is Jesus Christus wat my koers gee na my bestemming.

“Amen.”

Kommentaar:

“Ek is die weg en die waarheid en die lewe; niemand kom na die Vader behalwe deur My nie.” (Joh 14:6)

Dit is die waarheid wat jy moet volg om gered te word. Maar wat van waarhede byvoorbeeld in die wetenskap?

Die ateïs maak daarop aanspraak dat alles blote toeval is. Dan sou ’n mens verwag dat hier geen orde en reëlmaat sou wees nie. Maar dit is nie die geval nie.

Neem die Periodieke tabel as voorbeeld. Een proton en een elektron is waterstof. Voeg nog ’n proton en elektron by en dit is helium. Nog ’n proton en elektron gee litium. En so volg na telkens die byvoeging van nog ’n proton en elektron: berilium, boron, koolstof, stikstof, suurstof, ensovoorts. En so is daar 118 huidiglik bekende elemente wat telkens gevorm is deur die byvoeging van nog ’n proton en elektron. Hier is ’n een plus een orde wat nie as ’n toevalligheid afgeskryf kan word nie.

As lig deur ’n prisma gaan, word dit opgebreek in ’n reënboog van kleure. As jy ’n gas tussen die ligbron en die prisma plaas, absorbeer dit sekere golflengtes van

die lig, afhange van watter gas dit is. Dit is dus moontlik om lig van 'n ster af te isoleer en deur 'n prisma te stuur. Vanuit die absorpsielinies in die reënboog weet ons watter gas daardie betrokke ster omhul. Hieruit weet ons dat die heelal uit dieselfde elemente gevorm is as wat in die Periodieke tabel verskyn.

As 'n vliegtuig na jou toe aankom, word die geluid al hoër en hoër totdat die vliegtuig bo-oor jou is. Soos dit wegvlieg van jou af, word die geluid al laer en laer. Dit word genoem die Doppler effek. Hiermee kan ons bepaal of 'n ster na ons toe beweeg, of weg van ons af. As ons 'n ster wat byvoorbeeld waterstof bevat se lig deur 'n prisma stuur, kan ons waarneem waar die kenmerkende absorpsielinies van waterstof in daardie reënboog lê. As dit geskuif het na die korter golflengtes toe, met ander woorde meer in die rigting van rooi lig in die reënboog, weet ons daardie ster beweeg na ons toe. As die absorpsielinies na die langer golflengtes geskuif het, in die rigting van blou lig in die reënboog, weet ons daardie ster beweeg weg van ons af. Ons kan hieruit selfs bereken hoe vinnig 'n ster weg van ons, of na ons toe, beweeg.

Dit bring ons by die volgende belangrike punt. Hierdie hele heelal is met Wiskunde aanmekaar gesit. As jy Maan toe wil gaan, moet jy presies wiskundig uitwerk waar en hoe vinnig jy moet versnel om die aarde se gravitasie te ontsnap en jou op 'n baan te plaas sodat jy nie die maan mis nie. Netso is die bewegings van elektrone om die kern van 'n atoom aan wiskunde onderworpe. Ingenieurs gebruik wiskunde om brêe, geboue, masjiene, rekenaars en vlerke van vliegtuie te ontwerp. Die Professor wat 'n Wiskunde handboek publiseer, mag dink dat hy die oorsprong daarvan is. Maar hy is net besig om 'n Intelligensie wat reeds bestaan, aan die lig te bring.

Indien daar êrens in die heelal beskawings sou wees wat reeds ons vlak van ontwikkeling bereik het, sal hulle Wiskunde-, Chemie- en Fisika handboeke identies wees aan ons s'n. So 'n Wiskunde handboek sal dieselde Algebra, Trigonometrie, Differentiasie en Calculus bevat as ons s'n.

Dit is hieruit duidelik dat hierdie heelal tot stand gebring is deur 'n ondeurgrondelike Intelligensie. As die

ateïs dink dat hierdie skepping die produk is van blote toeval, dan is hy besig om teen sy ooglede vas te kyk.

Die volgende vraag wat hieruit kom, is: As daar só 'n Intelligensie agter hierdie heelal is, kan daardie Intelligensie met mense kommunikeer?

In Jesaja 45 vers 12 is geskryf:

“Ek het die aarde gemaak en die mens daarop geskape; Ek - my hande het die hemel uitgespan, en Ek het aan sy ganse leërske bevel gegee.”

Is dit waar? Of het Jesaja dit uit eie inisiatief geskryf?

In Jesaja 55 vers 11 is geskryf:

“... so sal my woord wees wat uit my mond uitgaan: dit sal nie leeg na My terugkeer nie, maar doen wat My behaag en voorspoedig wees in alles waartoe Ek dit stuur.” (Jes 55:11)

Dit is waar! Gaan bestudeer die Bybel. Gaan kyk na die profesië in die Bybel en hoe hulle in die verlede vervul is; tans in vervulling gaan; en in die toekoms in vervulling sal gaan. Dit het menige soekende ongelowige se oë oopgemaak.

Dit is nie Jesaja wat hier uit eie inisiatief geskryf het nie. Hy was bloot 'n profeet. Dit is hierdie Intelligensie wat met jou kommunikeer! En Hy kommunikeer met jou in jou eie taal! Hy sê vir jou:

“Ek het die aarde gemaak en die mens daarop geskape; Ek - my hande het die hemel uitgespan, en Ek het aan sy ganse leërske bevel gegee.”

Hierdie Intelligensie is God, wat gekies het om met ons deur sy Woord te kommunikeer. En Hy doen dit deur sy Heilige Gees.

So hoe werk die Heilige Gees? 'n Voorbeeld is iemand wat 'n sekere gedeelte uit die Bybel lees en 'n sekere boodskap daaruit ontvang, terwyl iemand anders wat dieselfde gedeelte lees, 'n totaal ander boodskap kry. Dit is die Heilige Gees wat dit doen.

In die Bybel is geskryf dat Jesus Christus, wat in wese een is met God, die heelal en die aarde geskep het. Kolossense 1 vers 16 beskryf Jesus Christus:

“... want in Hom is alle dinge geskape wat in die hemele en op die aarde is, wat sienlik en onsienlik is, trone sowel as heerskappye en owerhede en magte - alle ding is deur Hom en tot Hom geskape.”

Hebreërs 1 verse 1 en 2:

“Nadat God baiekeer en op baie maniere in die ou tyd gespreek het tot die vaders deur die profete, het Hy in hierdie laaste dae tot ons gespreek deur die Seun wat Hy as erfgenaam van alles aangestel het, deur wie Hy ook die wêreld gemaak het.”

Efésiërs 3 vers 9:

“... en vir almal aan die lig te bring wat die gemeenskap is van die verborgenheid wat van *alle* eeue af verborge was in God wat alles geskape het deur Jesus Christus.”

As Jesus Christus sê: “Ek is ... die waarheid”. Dan sluit dit ALLE wetenskaplike waarheid in, omdat Hy dit geskep het. God en Jesus Christus is ook die God van Wiskunde, Chemie, Fisika, Biochemie, Fisiologie en die Mediese wetenskap, om maar net ’n paar te noem.

God is ook die God van geregtigheid. En dit is Jesus Christus wat die finale oordeel sal doen. Handeling 10 vers 42 beskryf Jesus Christus:

“En Hy het ons bevel gegee om aan die volk te verkondig en met krag te betuig dat dit Hy is wat deur God bestem is as Regter van lewende en dode.”

2 Timótheüs 4 vers 1:

“Ek besweer jou dan voor God en die Here Jesus Christus, wat die lewende en die dode sal oordeel by sy verskyning en sy koninkryk”.

Jesus Christus is ook “die waarheid” in regspleging.

Maar God is ook die hoogste en suiwerste fenomeen, naamlik liefde. 1 Johannes 4 vers 16:

“En ons het die liefde wat God tot ons het, leer ken en geglo. God is liefde; en hy wat in die liefde bly, bly in God, en God in hom.”

Wat ’n wonderlike feit dat God, die Intelligensie wat alles geskep het, liefde is en dat Hy ons wil red. Johannes 3 vers 16:

“Want so lief het God die wêreld gehad, dat Hy sy eniggebore Seun gegee het, sodat elkeen wat in Hom glo, nie verlore mag gaan nie, maar die ewige lewe kan hê.”

Ons is gebind en verslaaf deur die sonde. Sonde is wat ons verkeerd doen en wat ons na die dood en duisternis sleep. Maar God het as Jesus Christus na die aarde gekom om aan ’n kruis te sterf. Sodoende het Hy in ons plek ons skuld betaal, sodat ons kan vrygaan en lewe. Dit is die waarheid wat ons elke dag vrymaak as Jesus Christus die juk van ons sonde van ons skouers afgooi. Psalm 103 vers 12:

“So ver as die ooste verwyderd is van die weste, so ver verwyder Hy ons oortredinge van ons.”

Maar uiteindelik sal Jesus Christus, wat uit die dood opgestaan het, ons ook vir ewig vrymaak. En dit is nie ons eie wensdenkery nie, maar dit is wat God sê. En die sleutel hiertoe is Jesus Christus, wat ALLE waarheid in hierdie skepping omvat:

“Ek is die weg en die waarheid en die lewe; niemand kom na die Vader behalwe deur My nie.”

Mag die Drie-enige God (God, Jesus Christus en die Heilige Gees) jou oë oopmaak en jou red.